# Lesing 22.02.2018 - Die geheim van menswees DEEL 11

Die arbeid aan die siel

***B.D. 3661 - 19 Januarie 1946***

Ondersoek julleself, erken julle swakhede en probeer om hulle te oorwin. Dit is die arbeid aan julle siel; dat julle probeer mens word wat in My ordening bly, volgens My Wil lewe en julleself tot liefde vorm. Want elke swakheid, elke tekortkoming en ondeug het sy oorsaak in liefdeloosheid en eieliefde.

Sagmoedigheid, vredeliewendheid, ootmoed, geduld, barmhartigheid en regverdigheid is tekens van die naasteliefde. En wanneer julle hierin tekort skiet is julle nie met liefde vervul nie, en moet dan ywerig arbei aan julleself. Maar daarvoor moet julle self eers julle swakhede en gebreke as sodanig erken, en daar is ernstige selfkritiek voor nodig, `n ernstig besinning op en regstel van julle houding tot My en julle medemens.

Vir My moet julle as Vader respekteer, ook elke mens egter as broer en suster - omdat julle almal "kinders" is van `n Vader. En My kinders moet mekaar liefhê, dan sal hulle ook My welgevalle ten deel val en Ek sal Self by My kinders kan vertoef. Elke ondeug hou My teë en dit is slegs tot julle nadeel, want sonder My en My teenwoordigheid bly julle swak en onvolmaak en kan julle nie julle doel op aarde bereik nie.

Julle doel is volmaaktheid, verandering tot liefde, verandering van julle wese tot die oertoestand wat julle vrywillig opgegee het. Want slegs die oertoestand is geluksalig en solank julle daarvan vervreem is, is gebrekkigheid, onwetendheid en kragteloosheid julle lot op aarde, sowel as ook in die geestelike Ryk.

Ek wil julle weer die geluksaligheid verskaf en vermaan julle daarom voortdurend dat julle dit nastreef. Dat julle die omvormingsarbeid van julle wese ernstig ter hand neem, dat julle deur innerlike oordenking leer insien hoe weinig julle denke en handeling met My Wil ooreenkom, wanneer julle nog in die eieliefde volhard.

En daarom moet julle julleself beywer dat julle hierdie gebrekkige toestand verander, dat julle die liefde beoefen waar en wanneer julle die geleentheid gebied word. Want slegs deur die liefde kan julle salig word, slegs deur die liefde kan julle julle tekortkominge en ondeugde bemeester. En wanneer julle die liefde nog nie in julle voel nie, vorm julle dan verstandelik tot regdenkende mense. Wees sagmoedig, vredeliewend, ootmoedig en geduldig en soek altyd om julle medemens te help.

Want dan sal die gevoel van liefde in julle ontwaak, dit sal julle gelukkig maak en julle aanspoor tot liefdadigheid. En dan dryf die verstand julle nie meer nie, maar die hart, en dan gaan julle tree vir tree omhoog. Daarom, slaan julleself gade, keer julle in julleself en vra julleself ernstig of julle korrek dink en handel, en julle hart sal julle dan antwoord gee.

Ook Ek self sal julle te hulp kom as julle julleself ernstig hierdie vrae stel. Ek sal julle die krag laat toekom om uit te voer wat julle ernstig wil, en die arbeid aan julle siel sal dan ook gunstig vooruit gaan. Julle sal bevrediging vind deur julle onder My Wil te stel en voortdurend en verseker omhoog gaan, omdat dit dan julle wil is om volmaak te word.

AMEN

Die siel sal oes wat sy gesaai het

***B.D. 7656 - 26 Julie 1960***

Julle mag julle nie aan die bedrieglike gedagtes oorgee dat julle vir julleself skatte kan versamel vir julle aardse lewe nie, want julle sal dit weer baie vinniger verloor as wat julle dit verwerf het. Ek waarsku julle daarteen om na aardse goedere te strewe en julle hart daaraan te heg, want Ek bewys julle steeds weer hoe verganklik alles is wat aan die wêreld behoort.

Hoeveel tyd en moeite het julle bestee om die skatte van die wêreld te versamel; en hoe selde dink julle daaraan dat julle dit nie kan behou nie en dit weer sal moet teruggee. Dat dit ook op een of ander wyse van julle afgeneem kan word, as dit volgens My Wil is.

Julle kyk maar net na wêreldse dinge wat tog verganklik is, maar die onverganklike sien julle egter nie. Julle sorg maar net vir die liggaam sonder om aan julle siel te dink. Daarom gebruik julle julle lewenskrag verkeerd, want julle gebruik dit slegs vir julle liggaamlike welsyn en julle berei vir julle siel sonder beswaar `n onsalige lot in die ewigheid. Julle gee julle siel gedurende die aardse lewe nie wat slegs nodig is vir haar volmaaktheid nie, maar julle laat julle siel gebrek ly en bedeel die liggaam oormatig sonder om ooit nut daarvan te hê.

Maar julle aardse lewe kan van die een tot die ander dag beëindig wees, dan kom julle arm en leeg aan in die Ryk hierna en julle moet dan groot ellende ly. Julle moet eers daaroor nadink dat julle nie julle eie lewe in die hande het nie, en dat die lewe op die aarde vir julle ook van korte duur kan wees. Dat die dood elke dag kan kom sonder dat julle dit kan afwend.

Julle moet dus aan die "hierna" dink, maar julle glo dat alles met julle afgeloop is op die oomblik van julle dood. Julle glo nie aan die voortlewing van julle siel nie en dat die lewe na die dood dan gelyk sal wees aan julle lewe op aarde, egter in ooreenstemming met julle aardse lewenswandel en julle besorgdheid oor die heil van julle siel. En die ongeloof is ook die rede dat julle elke dag gedagteloos laat verbygaan, dat julle julleself nie eenmaal afvra wat die doel en die sin van julle aardse bestaan is nie. Julle is tevrede wanneer julle julleself aardse dinge verskaf waaraan julle genoegdoening beleef, wanneer julle julle liggaam vertroetel en baie goedere versamel vir die toekoms. Maar julle weet nie eens of julle nog wel `n toekoms het nie.

Maar iedereen weet dat hy eendag moet sterwe, en die kennis moes julle tog bewus gemaak het om julle aardse lewe agtermekaar te kry. Dit gebeur egter nie, omdat die geloof julle ontbreek; die geloof in `n Elohim en Skepper, wat eenmaal verantwoording sal eis oor julle aardse lewe. En omdat julle nie glo nie, is julle onverskillig, terwyl die uur van verantwoording kom - daarvan kan julle almal verseker wees. Julle berou sal eens bitter wees wanneer julle in die grootste armoede van gees verskyn in die Ryk hierna en dan tot die besef kom, wat julle op aarde versuim het deur eie skuld.

Want dit is `n onverdiende barmhartigheid dat julle julleself op aarde mag beliggaam, en om hierdie barmhartigheid nie te benut nie, sal julle siel eens bitter berou, omdat julle dit nooit meer goed kan maak wat julle versuim het nie. Ofskoon julle in die Ryk hierna ook nog wel geholpe sal word om uit die diepte omhoog te styg, maar onder veel moeiliker omstandighede as wat dit op aarde moontlik is of was.

Julle mag dus nie so gedagteloos verder lewe nie, want vir elke mens kom die uur waarin hy die aardse liggaam moet verlaat en die siel die geestelike Ryk moet binnetree. Die uur kan groot saligheid en vreugde bring, of ook groot ellende en duisternis, maar steeds soos die mens dit self gewil het.

Hy sal oes wat hy gesaai het. Hy sal binnekom in die Ryk van lig en saligheid, of die ryk van die duisternis sal hom opneem en nie vrylaat voordat die siel haar ingesteldheid verander het om met liefdevolle ondersteuning die weg na omhoog te gaan nie.

AMEIN